**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

**17 FEBRUARIE 2019**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Jer 32: 1 - 25

**Tema** Voluit in gehoorsaamheid

Lied 190: 1, 3
Psalm 150: 1, 3
Skrifberyming: 12-3: 1, 2
Psalm 119: 11, 15
Psalm 37: 12, 15
Psalm 37: 23, 24, 25


EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : 18H00

Terwyl Nebukadneser Jerusalem beleer, roep die Here vir Jeremia om 'n stuk grond te koop. En hy doen dit volgens die lossingsreg. Dit is geloof wat in dade oorgaan. Geloofsdade vra wat die Here wil. Nie wat ek dink vir my goed is nie. Elke gelowige is geroep om voluit in gehoorsaamheid aan God te lewe. Saam met God is die toekoms positief. Gaan koop 'n stuk grond in Anatot

**AANDEREDIENS** **Teologiese Student JC Potgieter**

**Skriflesing** Deuteronomium 10:12-17; 30:6; Efesiers 2:1-10

**Tema** God gee nuwe lewe aan dooie mense sodat ons daadwerklik in Hom kan glo en vir Hom kan lewe.



Psalm 92: 2,6,7
Psalm 119: 4,7
Psalm 33: 5,6,11

Wat presies moet in die lewe van die mens gebeur voordat hy/sy in Christus kan glo? Volgens die meerderheid Christene het God uit genade dit moontlik gemaak vir almal om in Christus te kan glo indien/wanneer hulle die evangelie hoor. Die wil van die mens is vry en in staat om self vir of teen God te kies.Daarteenoor leer God se Woord vir ons dat God eers nuwe lewe vir ons moet gee, omdat ons dood is deur ons sonde. Die Heilige Gees moet vir ons die krag en die wil gee om aan Christus vas te hou. As God ons nie lewend maak nie, kan ons onsself nie tot God bekeer nie.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **17 Februarie** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Emeritaatsversorging. |
| **18 Februarie** | **18:00** | Diakonievergadering. | |
| **19 Februarie** | **18:00** | Finanskommissievergadering. | |
| **21 Februarie** | **18:00** | Ouderlingevergadering. | |

## KATKISASIE

Daar is katkisasie direk na die erediens. Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lesse.



## KONSISTORIEDIENSBEURT 17 FEB 2019

**Diensbeurt:** Wyk B4 **Katkisasie:** Graad 5

**Ouderling:** Stephan Coetsee **Diaken:** Danie Grobbelaar

## OOG VIR MEKAAR

- Ons dank die Here saam met At Cronje dat sy seun ontslaan is en wag vir verdere behandeling.
- Ons bid vir Lida Borman wat die afgelope week met chemo begin het. Baie sterkte vir julle almal.
- Ons vra voorbidding vir Daleen Korff wat wag vir verdere toetse en 'n moontlike operasie. Die knie bly seer en ongemaklik.
- Ons dank die Here dat Hennie Oelofse se kankertelling afgekom het. Ons bly vir hom en Julie bid.

# ALGEMEEN

⇒ Gewillige groepleiers vir die Koningskinderskamp is nog steeds welkom.

⇒ Ouers met kinders Bybelstudiegroep vergader na kerk vandag.

⇒ Daar word ‘n koordineerder gesoek om te help met die kos van die Koningskinders op Donderdae – ons wissel beurte maandeliks af met Noord gemeente, vakansies uitgesluit. Kontak Ds Sarel indien u belangstel.

# DOPPERDOORFEES 2019

Dopperdoorfees Dv. 2 Maart 2019. Ons nooi almal uit. Dit gaan ’n lekker interkerklike saamkuier wees. Ons begin die dag vanaf 9H00 die oggend. Die potjiekos mense kan dan begin regmaak en saam kuier. Die vasvrae sal 10H00 gebeur.
Die potjiekos gaan nie meer ’n kompetisie wees nie maar net een groot saamkuier. Ons soek soveel as moontlik mense om die dag saam ons te kom kuier. Die Wafelhuis sal ook weer daar wees vir ’n koffie en iets lekkers.

# EVANGELIESASIEKOMMISSIE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

# TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **17 Februarie** | Salomie Smit | B4 | **24 Februarie** | Adri Venter | B2 |
| | Chrisna Stander | B3 | | Carien Venter | B4 |
| | Lilian Ferns | A3 | | Benita Barkhuizen | A3 |
| | Megan Vd Merwe | B4 | | Rietha Carstens | A4 |
| | Marina Vd Walt | B1 | | Lynn-Marie Combrink | A4 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met ’n ander suster uit asseblief!**

## LIDMATE VERTREK

- Berrie van der Walt en Jessie Rosser na GK Potgietersrus
- Adri Venter na GK Laeveld
- Rita Eloff na GK Pretoria - Magalieskruin

## DOPPERDIENS

Ons wil graag 'n blaadjie in die gemeente beskikbaar stel vir dienste wat ons lidmate in die gemeente kan lewer. Enige lidmaat wat enige diens verrig is welkom om in die Dopperdiens te adverteer. Daar is geen kostes aan verbonde nie. Stuur dit na die kantoor: admin@gereformeerd.co.za in besigheidskaartjie grootte. Ons sal die blaadjie saamstel en in die gemeente beskikbaar stel as vinnige naslaan van dienste/besighede

## GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE.[6]

Ds. Pasch die eerste voltydse predikant van die Gereformeerde Kerk in Pietersburg werk in die gemeente van 1920 af en neem in 1927 'n beroep aan na Lindley. Die gemeente het met ds. Pasch se vertrek 8 wyke met 280 belydende lidmate en 334 kinders gehad.



***Foto: Ds Pasch en sy gesin***



*Ds PJ de Klerk*

Die gemeente beroep na ds. Pasch se vetrek vier keer voordat prop. P.J. de Klerk in 1930 die beroep na Pietersburg aanneem en op 5 April 1930 word hy bevestig. Ds. en mev. De Klerk was ‘n jong egpaar en bring nuwe lewe in die gemeente. Hulle woel en werskaf met ywer en reorganiseer die werksaamhede binne die gemeente. Die ds. kry die eerste motor en so kon hy nou vinniger oral kom waar hy moes wees.

Die nuwe pastoriepaar het kort voor lank ook met allerhande teenspoede te kampe gehad want daar was groot droogtes, springkane en ook die depressie in die vroeë dertigerjare. Dit het egter niks aan hulle ywer gedoen nie en die seën van die Here was groot. Selfs die finansies het verbeter en daarna word besluit om die bestaande kerkgebou te vergroot. Op 8 Oktober 1936 word die planne aan die gemeente voorgehou en op 4 Januarie 1937 word met die bouwerk begin. Op 12 April 1937 word die vergrote kerkgebou ingebruikgeneem. Op 14 April 1939 vier die gemeente sy 50-jarige bestaan en word ‘n feesuitgawe van die gemeenteblad uitgegee. Op 4 Julie 1941 woon ds. P.J. de Klerk sy laaste kerkraadsvergadering by nadat hy die beroep na Vereeniging-Alberton aanvaar het. Oupa Jan Last vra ook in die tyd sy ontslag uit die kerkraad en as skriba nadat hy vir 40 jaar op die kerkraad gedien het.

Die klein gemeente van Pietersburg het nou ‘n groot gemeente geword en die karakter van die gemeente het begin verander van ‘n plattelandse na ‘n meer stadsgeoriënteerde gemeente.

[Meer volgende keer oor die koms van ds Jacs van Rooy].

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER





## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So.– 17 Feb. | Susan Petitt<br>Reinhardt Weideman | B<br>B | 083 277 4852<br>082 610 0623 |
| Ma. - 18 Feb. | Mignon Potgieter | D | 084 505 3830 |
| Di. - 19 Feb. | Ina Booyens<br>Neels Botha *<br>Lettie Coetzee **<br>Adri Venter | B<br>B<br>B<br>B | 078 682 8555<br>082 809 0408<br>072 375 0422<br>060 522 0296 |
| Wo. - 20 Feb. | Matthew Llewellyn<br>Veronica Schutte | B<br>B | 078 725 4591<br>072 484 9623 |
| Do. - 21 Feb. | Dirk Heinlein<br>Albie Olivier | B<br>B | 083 281 0772<br>082 853 5470 |
| Vr. - 22 Feb. | Line Fick | B | 072 291 5885 |
| Sa. - 23 Feb. | At Cronje **<br>Anita Korff | B<br>B | 072 741 1895<br>083 301 9044 |



## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 21 Feb. 1981 | Flip & Karien Nell | 38 | 083 302 1802 |
| 22 Feb. 1992 | Marius & Anina du Preez | 27 | 083 141 4182<br>082 378 5127 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God."*

*Efesiers 2: 8*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS